



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2012**

**LIMPOPO**

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 22 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**


1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

AFDELING A:	Leesbegrip	VRAAG 1	(30)
AFDELING B:	Opsomming	VRAAG 2	(10)
AFDELING C:	Taal	VRAAG 3–6	(60)
AFDELING D:	Letterkunde	VRAAG 7–8	(20)

2. Lees die instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP****VRAAG 1****TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

**STANLEY SE NUWE HART KLOP WARM VIR DIE LEWE**

1. Stanley Henkeman (53) het eers 'n hartaanval en toe 'n hartoorplanting oorleef. Dit het hom anders oor die lewe laat dink. Hy is nou 'n atleet wat aan wêreldkompetisies deelneem.
2. Stanley was 'n hoërskoolonderwyser van Muizenberg, buite Kaapstad. Hy was op 'n staptog by Swellendam saam met sy seun, Luke, en twee ander seuns, toe hy tien jaar gelede 'n hartaanval gehad het.
3. "Binne die eerste uur het ek begin sweet. Ek het pyne in my bors gekry. Toe begin ek opgooi. Die veldwagter het my na die hospitaal toe geneem," vertel Stanley. By die Groote Schuur-hospitaal in Kaapstad het die dokters vir hom gesê dat 'n deel van sy hart baie skade opgedoen het.
4. Stanley kon nie verstaan waarom hy 'n hartaanval gekry het nie omdat hy baie fiks was en hard geoefen het. Stanley se pa was baie gesond, maar sy oupa het ook 'n hartaanval gehad.
5. Die jaar na die hartaanval was baie moeilik vir Stanley. Wanneer hy oefeninge gedoen het, het hy opgegooi of flou geword. Hy was so moeg dat hy nie eers 20 treë kon loop nie.
6. Stanley moes 'n nuwe hart kry, maar daar was nie 'n hart beskikbaar nie. Sy naam is op die skenkerslys geplaas en hy moes wag vir 'n skenker. Na 'n jaar het hy 'n oproep gekry. Die dokter het hom laat weet dat daar 'n hart was om oor te plant.

7. Hy is dadelik na Christiaan Barnard-gedenkhospitaal geneem. Die operasie het ses uur geduur. Na die operasie was hy baie bly dat hy nog geleef het en dat hy weer maklik kon asemhaal.
8. Stanley het skuldig gevoel om iemand anders se hart te kry. Hy het geweet iemand het doodgegaan om die hart vir hom te gee. Later het hy uitgevind dit was 'n jong man se hart. Die jong man wat in Port Elizabeth gebly het, is in 'n motorongeluk dood.
9. Stanley se nuwe hart het na die operasie warm geklop. Hy kon weer aan sport deelneem. Hy sê: "Almal wat die artikel lees, moet daaraan dink om 'n orgaanskenker te word. Hulle kan soveel lewens red."

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 3 November 2011]

- 1.1 Hoe oud is Stanley Henkeman? (1)
- 1.2 Stanley het die hartoorplanting gehad en daarna 'n hartaanval.
- 1.2.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.2.1. (1)
- 1.3 Watter soort werk het Stanley eers gedoen? (1)
- 1.4 Hoe lank gelede het Stanley 'n hartaanval gehad? (1)
- 1.5 By watter dorp het Stanley, sy seun en die twee maats gaan stap toe hy 'n hartaanval gekry het? (1)
- 1.6 Wie het vir Stanley hospitaal toe geneem? (1)
- 1.7 Verduidelik wat bedoel word wanneer ons sê dat daar hartsiektes in Stanley se familie was. (1)
- 1.8 Na sy hartaanval kon Stanley nie baie ver op 'n dag stap nie.
- 1.8.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.8.1. (1)
- 1.9 Hoe lank moes Stanley wag om 'n hart te kry vandat sy naam op die lys geplaas is? (1)
- 1.10 Kies die KORREKTE antwoord.  
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Watter twee simptome van 'n hartaanval het Stanley op die staptog gehad?
- A Hy het pyne in die bors gekry en het opgegooi.  
B Hy het pyne in die bors gekry en het flou geword.  
C Hy het opgegooi en flou geword.  
D Hy het opgegooi en moeg geword. (1)

- 1.11 Wat kon Stanley maklik doen na die operasie? (1)
- 1.12 Hoekom het Stanley skuldig gevoel na die operasie? (1)
- 1.13 Met sy nuwe hart moes Stanley alle sport los.
- 1.13.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.13.1. (1)
- 1.14 Voltooi die sin.

Kies die KORREKTE antwoord uit die raampie hieronder om die sin te voltooi.  
Skryf slegs die antwoord neer.

Muizenberg; Groote Schuur; Port Elizabeth
---

- Stanley het sy hart gekry van iemand wat in ... gewoon het. (1)
- 1.15 Die spreekwoord “**Daar is lig aan die einde van die tunnel**” beteken dat dinge goed sal eindig, al lyk dit nie aan die begin so nie.
- Hoekom kan ons sê dat die lig aan die einde van Stanley se tunnel geskyn het? (1)
- 1.16 Waarom, dink jy, is dit goed om organe te skenk? (1)
- 1.17 Waarom, dink jy, was Stanley bly om ’n nuwe hart te kry? (1)

**TEKS B: INFORMATIEWE TEKS**

Lees die informatiewe teks hieronder en beantwoord die vrae.

<b>SABC 2</b>	
<b>06:00</b>	<b>Morning Live</b>
<b>08:50</b>	<b>Thabang, Thabang</b>
<b>09:50</b>	<b>Takalani Sesame</b>
<b>11:50</b>	<b>Dr Phil</b>
<b>13:25</b>	<b>Days of our Lives (H)</b>
<b>15:00</b>	<b>7de Laan (H)</b>
<b>15:30</b>	<b>Muvhango (H)</b>
<b>17:30</b>	<b>News</b>
<b>18:00</b>	<b>Nhlalala Ya Rixaka</b>
<b>18:27</b>	<b>7de Laan (A)</b>
San-Mari waarsku vir Kabelo om nie met Zinzi te mors nie. Oubaas raai wie die reeksmoordenaar kan wees.	
<b>19:00</b>	<b>News</b>
<b>19:30</b>	<b>Pasella</b>
<i>Pasella</i> hys die vlag in die administratiewe hoofstad en maak pasta vir die Bokke. Reis saam na Potchefstroom.	
<b>20:30</b>	<b>Nuus</b>
<b>21:00</b>	<b>Muvhango</b>
<b>21:30</b>	<b>Stokvel (H)</b>
Budgets en Mathilda se troue is om die draai. Alles wat verkeerd kan gaan, gaan verkeerd.	
<b>22:00</b>	<b>Jacob's Cross IV (16)</b>
<b>23:00</b>	<b>Matric Revision</b>
<b>00:00</b>	<b>Smallville (OL 13) (H)</b>
* Alle inligting oor uitsaaitye en programinhoud was teen druktyd korrek.	
** A: Almal. G: Geweld. H: Herhaling.	
OL: Ouerleiding. T: Slegte Taal.	
*** TV-skedulenavrae vir SABC: 011 714 9797	

[Verwerk uit *Beeld*, 19 Oktober 2011]

- 1.18 Skryf die program neer wat om 09:50 begin. (1)
- 1.19 Watter simbool dui aan dat almal na 'n program kan kyk? (1)
- 1.20 Wie waarsku vir Kabelo in *7de Laan* om nie met Zinzi te mors nie? (1)
- 1.21 Hoe laat word die nuus in Afrikaans uitgesaai? (1)
- 1.22 Watter kos word in *Pasella* spesiaal vir sportmanne gemaak? (1)

- 1.23 Kies die KORREKTE antwoord.  
Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Wat beteken dit as die troue om die draai is?
- A Die bruidegom is laat vir die troue.
  - B Die paartjie het besluit om nie meer te trou nie.
  - C Die troudatum is naby.
  - D Die paartjie kan nie alles voor die troue doen nie. (1)
- 1.24 SABC 2 kan nie sê dat alle programme presies volgens die skeduletyd uitgesaai sal word nie.
- 1.24.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.24.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.24.1 deur 'n sin uit die informatiewe teks aan te haal. (1)
- 1.25 Hoekom, dink jy, word *Matric Revision* so laat in die aand uitgesaai? (1)
- 1.26 Wat doen SABC 2 om mense wat verskillende tale praat, tevrede te stel? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING****TEKS C****VRAAG 2: DIE SIMBOLIEK VAN KLEUR**

- Som die **simboliek** van verskillende kleure in SEWE sinne op.
- Skryf die stappe PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

<p><b>ROOI</b></p> <p>Rooi is een van die primêre kleure en ook die kleur van bloed. Dit is 'n gewilde kleur om op Valentynsdag te dra. Rooi is 'n teken van liefde.</p>	<p><b>GROEN</b></p> <p>Groen is die kleur vir groei. Die mens se oog is gewoond aan hierdie kleur in die natuur. Bome is mos groen in die lente. Blare wat dus nie groen is nie, is dood.</p>
<p><b>ORANJE</b></p> <p>Wat maak 'n vuurtjie so gesellig? Dit is die kleur van die vlamme wat so warm en hartlik is. Om hierdie rede is oranje die kleur wat gebruik word om vuur voor te stel.</p>	
<p><b>GEEL</b></p> <p>Geel straal vriendelikheid uit. Hierdie kleur is die ideale kleur om te dra op dae wat jy nie goed voel nie, want geel help om 'n mens se gees op te hef.</p>	<p><b>BLOU</b></p> <p>Op die kleurwiel lê blou tussen groen en indigo. Op 'n sonnige dag is die hemel helder blou. Blou stel rustigheid voor.</p>
<p><b>SWART</b></p> <p>Swart is die kleur wat in baie kulture gebruik word om te rou. Wanneer iemand in een van daardie kulture sou sterf, dra die mense swart klere as teken van hulle hartseer.</p>	<p><b>WIT</b></p> <p>Wit is 'n teken van vrede. Wit duiwe word baie keer vrygelaat wanneer mense ophou baklei of lande na 'n oorlog besluit om nie meer te veg nie.</p>


[Verwerk uit *Vrouekeur*, 28 Oktober 2011]

**TOTAAL AFDELING B: 10**



**AFDELING C: TAAL****VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE****TEKS D: STROKIESPRENT**

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.



[Uit: Oxford Life Orientation]

- Skryf net die vraagnommer en die KORREKTE antwoord neer.
- Al die antwoorde in hierdie vraag moet KORREK gespel word.

3.1 Gee die korrekte VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Sarah is 'n klein (dogter) en sy leer baie hard. (1)

3.2 Gee die MANLIKE VORM van die woord tussen hakies.

Sarah se (tante) studeer aan 'n universiteit. (1)

3.3 Gee die VERGROTENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Sarah is (mooi) as haar suster. (1)

3.4 Vorm die korrekte SAMESTELLING van die woord tussen hakies.

Sarah se (tennis + skoene) is onder die tafel. (1)

3.5 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD uit die woorde tussen hakies.

Sarah het al (haar/sy/hom) boeke op die tafel gelos. (1)

- 3.6 Gee die korrekte VORM VAN DIE WOORD tussen hakies.  
Sarah studeer hard vir 'n (moeilik) vraestel. (1)
- 3.7 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.  
Die meisie doen haar beplanning (elke maand). (1)
- 3.8 Kies die korrekte VOORSETSEL uit die woorde tussen hakies.  
Die horlosie hang (teen/op/by) die muur. (1)
- 3.9 Gee die korrekte VORM van die woord tussen hakies.  
Op die (drie) September gaan hulle toets skryf. (1)
- 3.10 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.  
Sarah gebruik twee (potlood) vir haar beplanning. (1)
- 3.11 Kies die korrekte AFKORTING tussen hakies.  
(Mnr./Mev./Ms.) Gert Pieterse is haar onderwyser. (1)
- 3.12 Gee die korrekte OORTREFFENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.  
Sy is die (oulik) meisie in die klas. (1)
- 3.13 Gee 'n SINONIEM (*woord met dieselfde betekenis*) vir die woord tussen hakies.  
Al Sarah se vriendinne in haar klas skryf (pragtig). (1)
- 3.14 Gee 'n ANTONIEM (*woord met die teenoorgestelde betekenis*) vir die woord tussen hakies.  
Sarah is bang sy gaan haar eksamen (slaag). (1)
- 3.15 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL tussen hakies.  
(Sjoe/Foei tog), die vraestel was moeilik. (1)
- 3.16 Gee die korrekte INTENSIEWE VORM vir die woord tussen hakies.  
Baie van die leerders is (baie bang) vir die eksamen. (1)
- 3.17 Kies die korrekte LIDWOORD tussen hakies.  
Sarah sal in (die/'n) toekoms goeie uitslae kry. (1)

- 3.18 Kies die korrekte spelling van die WOORD tussen hakies.  
Sarah wil graag (volgende jaar/volgendejaar) verder studeer. (1)
- 3.19 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.  
Die onderwyseres (help/hulp) Sarah met haar beplanning. (1)
- 3.20 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.  
Sarah het haar eie (penne, skryfpapier, potlode) gebruik in die eksamen. (1)  
**[20]**

**VRAAG 4: SINSTRUKTURE****TEKS E**

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae. **Skryf elke keer die hele sin uit.**



[Uit: LO Vandag Graad 10]

- 4.1 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.  
Ouma het saam met die familie gekuier.  
**Begin só:** Ouma ... (1)
- 4.2 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.  
Ouma sit in 'n gemaklike stoel. Sy is oud. (want) (1)

- 4.3 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sin oor.  
**Begin só:** Die familie het onthou ... Ouma geluk ... wens. (1)
- 4.4 Vul die KORREKTE VRAAGWOORD in sodat die onderstreepte deel van die sin die antwoord is.  
Simon staan op die stoel.  
... staan op die stoel? (1)
- 4.5 Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf die hele sin uit.  
Die son hoef nie (te/om te) skyn as ons braai nie.  
**Begin só:** Die son hoef nie ... (1)
- 4.6 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.  
Ouma sê: "Ek is baie gelukkig."  
**Begin só:** Ouma ... (1)
- 4.7 Kies die korrekte BETEKENIS van die onderstreepte idioom.  
Skryf net die vraagnommer (4.7) en die KORREKTE letter neer.  
Ouma is in die wolke oor haar geskenk.  
In die wolke beteken ...  
A Ouma is baie bly.  
B die wolke pak saam.  
C daar is moeilikheid in die toekoms.  
D iemand word hemelhoog geprys. (1)
- 4.8 RANGSKIK die groepe woorde tussen hakies in die korrekte volgorde.  
Die manne kuier (om die vuur) (baie lekker) (die hele middag).  
**Begin só:** Die manne kuier ... (1)
- 4.9 Skryf die sin oor en begin met die VETGEDRUKTE woorde.  
Ouma vier haar verjaarsdag **een keer per jaar**.  
**Begin só:** Een keer per jaar ... (1)
- 4.10 Watter spreekwoord pas die beste by die prentjie?  
Skryf net die vraagnommer (4.10) en die KORREKTE letter neer.  
Die kat het hom ... vir die muis geskrik.  
A katswink  
B grafstil  
C boeglam  
D doodbang (1)

- 4.11 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.  
Die familie eet lekker. Hulle gaan huis toe. (daarna) (1)
- 4.12 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.  
Die seun is stout.  
**Begin só:** Die seun ... (1)
- 4.13 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.  
Die vrouens het die tafel gedek.  
**Begin só:** Die tafel ... (1)
- 4.14 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.  
Ouma se kleinkind lê op haar skoot.  
**Begin só:** Ouma se kleinkind ... (2)
- 4.15 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.  
Die muis sit onder die tafel.  
**Begin só:** Die muis ... (2)
- 4.16 Vul die ontbrekende woorde in die LYDENDE VORM van die volgende sin in.  
Die mans braai die vleis op die vuur.  
Die vleis ... deur die mans op die vuur ... (2)
- 4.17 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.  
Die familie baklei met mekaar.  
**Begin só:** Die familie ... (2)
- 4.18 Beantwoord die vraag in die ONTKENNENDE VORM.  
Loer die seuntjie om die deur?  
**Begin só:** Nee, die seuntjie ... (2)
- 4.19 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.  
Ouma vra: "Kuiet julle lekker?"  
**Begin só:** Ouma vra ... (2)
- [25]

**VRAAG 5: REDIGERING****TEKS F**

Jou vriend het 'n artikel vir die plaaslike koerant geskryf. Hy het vir jou gevra om die artikel deur te lees en die foute wat onderstreep is, reg te maak.

## Tieners ... snaakse goed!



- 1 Hier is 'n paar vreemde feit oor tieners wat jy dalk nie geweet het nie.
- 2 **As jy tieners se selfone wegneem, raak hulle vaak!**
- 3 As deel van navorsing is 80 tieners in 'n klaskamer vir 45 minute toegesluit.
- 4 Die helfte van hulle het hul selfone gehad, die ander helfte nie. Die tieners
- 5 wat nie selfone gehad het nie, het geslaap gou.
- 6 **42% van tieners kan met toe oë sms!**
- 7 hierdie tieners het nie superkragte nie. Hulle sms so baie dat hulle dit met toe
- 8 oë kan doen. Tieners het in 'n navorsingstudie erken dat hul lewens baie sleg
- 9 sonner hul selfone sou wees.
- 10 **Tieners groei so vinnig, hul breine kan nie byhou nie.**
- 11 Het tieners al gewonder hoekom hulle heelyd oor goed val Dis regtig nie
- 12 hulle skuld nie. Tieners groei so vinnig dat hul breine nie kan byhou om hul
- 13 balans te handhaaf nie.
- 14 **Neem tieners risiko's? Dis die breine se skuld!**
- 15 Volgens 'n studie is tieners se breine so geprogrammeer dat dit vir hulle
- 16 moeilik is om te besluit as 'n situasie gevaarlik is of nie.
- 17 **Tieners se slaappatrone kan deur 'n blou gloeilamp verbeter word.**
- 18 Sukkel jy om aan die slaap te val en dan weer in die oggend op te staan?
- 19 Dit kan help om te gebruik 'n blou gloeilamp in jou kamer. Hierdie blou lig kan
- 20 help om iy interne horlosie reg te stel.

[Verwerk uit JIP, 17 Augustus 2011]

- 5.1 Gee die **meervoud** van die onderstreepte woord in reël 1. (1)
- 5.2 Skryf die onderstreepte **getal** in reël 3 in woorde. (1)
- 5.3 Skryf die onderstreepte gedeelte in reël 5 oor en verbeter die **woordorde**. (1)
- 5.4 Skryf die woord in reël 7 neer wat met 'n **hoofletter** moet begin. (1)

- 5.5 Verbeter die **spelling** van die onderstreepte woord in reël 9. (1)
- 5.6 Skryf die onderstreepte sin in reël 11 oor en vul die **leesteken** in wat uitgelaat is. (1)
- 5.7 Vervang as in reël 16 met die korrekte woord. (1)
- 5.8 Verbeter die onderstreepte **woord** in reël 18. (1)
- 5.9 Skryf die onderstreepte sin in reël 19 oor en verbeter die **woordorde**. (1)
- 5.10 Vervang ly in reël 20 met die korrekte woord. (1)
- [10]

## VRAAG 6: KRITIESE TAALBEWUSTHEID EN INTERPRETASIE VAN TEKSTE

### TEKS G (Prente in VRAAG 6.1 tot 6.5)

Kyk na die prente hieronder en beantwoord die vrae.

- Kies die antwoord om by elke situasie te pas.
- Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A–D) neer.

6.1



[Uit: Google Images]

Tina is baie **opgewonde** omdat die skool gesluit het vir die vakansie.  
Kies die sin wat aandui hoe **opgewonde** Tina is.

- A “Sjoe, ek is moeg, maar gelukkig is dit nou vakansie.”
- B “Hiert! Die vakansie gaan begin.”
- C “Ag, dis alweer vakansie!”
- D “Hoera! Uiteindelik is dit vakansie!” (1)

6.2




[Uit: Google Images]

Die bestuurder is baie  **kwaad**  vir die werker wat 'n fout gemaak het.  
Kies die sin wat aandui hoe  **kwaad**  die bestuurder vir die werker is.

- A "Toemaar, almal maak foute."
- B "Alles reg. Sorg dat dit nie weer gebeur nie!"
- C "Dis jou laaste waarskuwing, loop nou!"
- D "Dis nie so erg nie, vergeet daarvan."

(1)

6.3



[Uit: Google Images]

Die seun wil nie skool toe gaan nie en probeer sy pa **manipuleer** om die skoolhoof te bel.


Kies die sin wat aandui hoe die seun sy pa probeer **manipuleer** om die skoolhoof te bel.

- A "Sal Pa die hoof bel en sê ek is siek?"
- B "Ek sal die kar was as Pa die hoof bel en sê ek is siek."
- C "Ek wil nie skool toe gaan nie, bel die hoof!"
- D "Bel die hoof en sê ek is siek."

(1)



6.4



[Uit: Google Images]

Sipho vra Mavis om te gaan fliiek, maar sy is **ongemanierd**.  
Kies die sin wat aandui hoe **ongemanierd** Mavis is.

- A “Ek gaan nie uit met mans wat nie hulle eie motors het nie.”
- B “Jammer, maar my ouers laat my nie toe om uit te gaan nie.”
- C “Ek kan nie gaan nie, want ek moet ’n toets skryf.”
- D “Ek het reeds die fliiek gesien, dankie, maar geniet jy dit.”

(1)

6.5



[Uit: Google Images]

Piet is **verbaas** dat Lisa ’n mediese dokter is.  
Kies die sin wat aandui hoe **verbaas** Piet is omdat die mooi meisie ook slim is.

- A “Mooi meisies soos jy hoef mos nie te werk nie.”
- B “Hoekom soek jy nie net ’n man en trou nie?”
- C “Slim meisies moet trou en in die huis werk.”
- D “’n Mooi meisie soos jy kan mos nie ’n mediese dokter wees nie?”

(1)

[5]

**TOTAAL AFDELING C: 60**

**AFDELING D: LETTERKUNDE****BLADSAK – Lucas Malan**

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE VRAE.

Beantwoord EEN van die TWEE vrae.

**VRAAG 7: KONING LEEU SE GESKENKE – Pieter W Grobbelaar**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

“Stadig nou!” sê Leeu. “Wie gryp, kry niks – en die *vraat* kry laaste.”  
 Toe gaan dit ’n bietjie beter.  
 “Julle wat graag horings wil hê,” sê Leeu. “Staan eenkant toe!”  
 “Horings?” sê Koedoe vir sy maats. “Dink julle nie ons sal mooi lyk met horings nie?”  
 “Ja, ja, ja!” sê die bokke en staan opsy.  
 “Hier,” sê koning Leeu, en sit die horings op. “Maar die vrouens wat weggebly het, kry niks nie.”

- 7.1 Wie het alleen na Leeu se partytjie toe gegaan omdat hy nie moeilikheid wou gehad het nie? (1)
- 7.2 Noem EEN REDE waarom die diere Koning Leeu se partytjie moes bywoon? (1)
- 7.3 Waarom het die diere vorentoe gedruk terwyl Leeu met hulle gepraat het? (1)
- 7.4 Waarom het Leeu vir elke dier ’n geskenk gegee? (1)
- 7.5 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B om by die karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (7.5.1–7.5.4) en die korrekte antwoord (A–E) neer, bv. 7.5.5 F.

KOLOM A	KOLOM B
7.5.1 Esel	A het gesê dat Leeu al te veel van hulle gevreet het.
7.5.2 Bobbejaan	B het nie weggebly waar daar geëet is nie.
7.5.3 Boerbok se vrou	C was te nuuskierig om weg te bly.
7.5.4 Koedoe se vrou	D was te onnosel om weg te bly.
	E wou net gesing en gedans het.

(4 x 1) (4)

- 7.6 Leeu, Rooikat en Wolf het nog nooit bloed geproe nie.
- 7.6.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 7.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.6.1. (1)

- 7.7 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (7.7.1–7.7.4) en die woord neer.

koggelmander; volstruis; muishond; perd; kameelperd; olifant

Party van die diere was nie gelukkig met hul geskenke nie, soos (7.7.1) ... wat 'n lang nek gekry het. (7.7.2) ... wou nie so baie aan- en uittrek nie, en het sy klere vir sy kinders gegee. (7.7.3) ... het koning Leeu se vrou se laventel gekry en daarna baie gestink. (7.7.4) ... was ongelukkig omdat hy 'n potblou kop gekry het, toe koning Leeu op hom getrap het. (4)

- 7.8 Wat dink jy het Leeu bedoel toe hy vir Renoster gesê het dat hy sy neus oral insteek? (1)

- 7.9 Kies die KORREKTE antwoord.  
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Koei kry 'n ... rok en 'n rooi jas en swart Sondagsklere.

- A geel  
B bont  
C appelblou  
D haelwit (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Leeu raak haastig, want die son drink water en sy maag begin skree. “Nou moet hulle net aanvat.” Bobbejaan kry 'n sekelstert. Dassie en Mol kry twee lang dunnes, maar hulle wil dit nie hê nie en gaan dit skelmpies begrawe. Toe het hulle niks nie. Boerbok kry 'n baard, en toe sy vrou haar oë uitvee, het sy ook ene. Die diere lag stilletjies, maar koning Leeu druk deur. “Volgende! Volgende!” sê hy.

- 7.10 Waarom het padda geen geskenk van Leeu gekry nie? (1)

- 7.11 Kies die KORREKTE antwoord.  
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Wat was in die kalbas wat Slang met een sluk leeggedrink het?

- A Veldmedisyne  
B Gif  
C Bier  
D Bokmelk (1)

- 7.12 Jakkals en Wolf was te uitsoekurig. Watter les kan jy daaruit leer? (1)
- 7.13 Waarom dink jy het Krokodil vir Skilpad 'n horingdop gemaak? (1)
- [20]**

**OF**

**VRAAG 8: DIE TOWERSAK – Corlia Fourie**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Eendag was daar 'n meisie wat wou loop waar sy wil. Toe sê haar ma: "My kind, jy is nie 'n seun nie. Jy kan nie loop waar jy wil nie." Maar haar pa sê: "My dogter is anders, as sy groot genoeg is, mag sy loop waar sy wil." Eers het haar ma daarvoor gehuil, maar omdat sy geweet het dis wat haar dogter wil doen, het sy na 'n muti-vrou gegaan.

- 8.1 Wie het die towersakkie vir die ma gegee? (1)
- 8.2 Wanneer moes die ma die velsakkie vir die meisie gee? (1)
- 8.3 Die meisie se pa het haar leer **klip gooi** om haarself te verdedig.
- 8.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 8.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.3.1 met 'n rede uit die kortverhaal. (1)
- 8.4 Waarom het die ma vir die meisie die towersakkie gegee? (1)
- 8.5 Wat het die meisie eerste uit die sakkie gehaal? (1)
- 8.6 Kies die KORREKTE antwoord.  
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die meisie wou nog nie 'n mielieland hê nie, want sy wou nog rondloop en alles ...

- A kry.  
B bekyk.  
C uithaal.  
D uitdink. (1)

- 8.7 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B om by die karakter(s) in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (8.7.1–8.7.4) en die korrekte antwoord (A–E) neer, bv. 8.7.5 F.

KOLOM A	KOLOM B
8.7.1 Die jong meisie	A het die vyand laat vlug.
8.7.2 Die krygsmanne	B het uit die stowwerige vlaktes aangestap gekom.
8.7.3 Die jong man	C was net met 'n storie tevrede.
8.7.4 Die meisie se ma	D is deur 'n buffel aangeval.
	E het oorpyn behandel met botterblomblare en water.

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

“Ek het belowe.” Toe vra die jong man elke oggend as hulle hul oë oopmaak. Hy vra wanneer hulle langs die pad loop en hy vra as hulle rus. Hy vra as hulle bessies van die bome afpluk en hy vra as hulle mooi blomme diep in die klowe sien. “Kom ons kyk wat in die sakkie is.” Die meisie sê nee en sy hou aan om nee te sê, maar toe sê die jong man: “Jy het my seker nie lief nie ...”

- 8.8 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (8.8.1–8.8.4) en die woord neer.

stories;	swaar;	krag;	hoop;	genade;	geskenke
----------	--------	-------	-------	---------	----------

Die meisie was lief vir die jongman en hulle het in die sak gekyk; daarom het die sak sy (8.8.1) ... verloor. Van daardie dag af het hulle begin (8.8.2) ... kry. Gelukkig was daar vir hulle (8.8.3) ... Die meisie moes die sakkie weer met (8.8.4) ... vol maak .

(4)

- 8.9 Verduidelik wat jy doen as jy 'n belofte aan iemand maak.

(1)

- 8.10 Kies die KORREKTE antwoord.  
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Hoe het die dorp se mense die boom genoem waaronder sy gesit het?

- A Towerboom
- B Maroelaboom
- C Storieboom
- D Grootboom

(1)

